Internasionale Kinderbeskermingsertifikate (ICPC's)

Wat is ICPC's en waarom bestaan dit?

ICPC's is 'n gesamentlike projek van die Britse Nasionale Misdaadagentskap (National Crime Agency, NCA) en die Britse strafregisterburo ACRO. ICPC's help om kinders buite die VK te beskerm teen die bedreiging van VK-burgers of mense wat in die VK gewoon het wat na ander lande reis om toegang tot kwesbare kinders te kry om hulle leed aan te doen. ICPC's help om kinders te beskerm teen mense wat 'n risiko is van seksuele mishandeling, liggaamlike leed, sielkundige leed en/of verwaarlosing. Hierdie oortreders soek direkte kontak met kinders op deur indiensname, vrywilligerswerk en liefdadigheidswerk. Die doel van ICPC's is om te voorkom dat hulle dit kan doen.

'n ICPC behels kontrole van die persoon se vorige oortredings of strafregisters van die polisie en intelligensiedatabasisse in die VK. Dit kan deur organisasies aangevra word vir alle VK-burgers (asook nie-VK-burgers wat voorheen in die VK gewoon het) wat buite die VK aansoek doen om met kinders te werk. ICPC's kan ook aangevra word vir mense wat reeds in diens is en met kinders werk.

Wanneer ICPC's saam met bestaande prosedures gebruik word wat robuuste beskerming bied, kan dit skole en ander organisasies buite die VK help om ingeligte, risikogebaseerde besluite daaroor te neem of mense wat by hulle in diens is, geskik is om met kinders te werk.

Om ICPC's by u werwingsproses in te sluit, voeg ekstra beskerming by u gevestigde prosedures want dit help kinders beskerm teen mense wat van plan is om kinders te mishandel en te misbruik.

Wat staan op die sertifikaat?

Die sertifikaat bevat alle kriminele skuldigbevindings vir misdrywe wat in die VK gepleeg is, en bevat in sommige gevalle ook skuldigbevindingsverwante inligting oor misdrywe wat in ander lande gepleeg is waar sodanige inligting deur bestaande uitruilmeganismes aan die VK bekend gemaak is. Boonop assesseer die NCA as deel van die ICPC-proses beskikbare intelligensie en inligting, en verklaar die NCA alles op die sertifikaat wat dit as toepaslik vir kinderbeskerming ag.

Die sertifikaat bestaan uit twee dele:

- Deel 1: Bekendmaking van alle skuldigbevindings, naderende vervolgings, vermanings, teregwysings, waarskuwings en onafgehandelde ondersoeke wat in ooreenstemming met ACRO se afgraderingsmodel op VK-polisiedatabasisse gehou word.
- Deel 2: Insluiting van alle inligting wat die NCA beskou as toepaslik en proporsioneel vir bekendmaking om aan te toon watter risiko 'n aansoeker vir kinders of jongmense is.

BELANGRIK: 'n ICPC dui nie aan of 'n aansoeker geskik is om met kinders te werk nie. Dit moet slegs as bykomende hulpmiddel gebruik word om die werkgewer te help om 'n ingeligte besluit te neem, bykomend tot die organisasie se normale beskermingskontroles.

Hoe gebruik skole en ander organisasies ICPC's?

Om die ICPC-proses te kan gebruik, moet 'n organisasie aan die volgende kriteria voldoen:

- betrokke wees by werk met kinders;
- personeel of vrywilligers van die VK in diens het, insluitend mense wat voorheen in die VK gewoon het;
- geen formele bande met die VK hê nie en nie in staat wees om die Britse regering se bekendmaking-en-belettingsdiens (Disclosure and Barring Service, DBS) te gebruik nie.

Die persoon wat in diens geneem wil word, moet vir die ICPC betaal. Vir prysinligting, besoek www.acro.police.uk/icpc. Die sertifikaat kan slegs op versoek van die aansoeker voorsien word – werkgewers mag dit nie namens aansoekers versoek nie. Een manier waarop organisasies werknemers kan dwing om 'n ICPC te voorsien, is om dit 'n vereiste van vooraf-indiensnemingskontroles te maak. Daar kan van bestaande werknemers vereis word om van tyd tot tyd 'n ICPC voor te lê as deel van deurlopende keuringsprosedures.

Werkgewers wat graag wil hê dat mense 'n ICPC voorsien, moet aan die persoon sê om ACRO se webwerf te besoek (www.acro.police.uk/icpc) om die aansoekvorm in te vul. Leiding oor die proses staan op die webwerf.

Die ICPC weerspieël slegs dit wat op beskikbare polisie- en intelligensiedatabasisse aangeteken was ten tyde van uitreiking, en enige skuldigbevindings ná daardie datum sal dus nie daarop staan nie. Dit is die werkgewer se verantwoordelikheid om te besluit hoe dikwels personeel 'n nuwe ICPC moet aanvra.

Organisasies mag aansoeke namens personeel indien, maar die aansoeker moet die vorm sélf invul en onderteken. Die ICPC sal direk aan die aansoeker verskaf word – dit kan nie aan die organisasie gestuur word nie.

Let wel: organisasies buite die VK wat toegang tot DBS-kontroles het, mag nie vir potensiële of bestaande werknemers vra om 'n ICPC te bekom nie. In daardie omstandighede is die gewone aansoekroete via DBS van toepassing.

Vir meer inligting oor ICPC's, besoek: www.acro.police.uk/icpc.